

Van Kilimandjaro na Kaap Hoorn

As daar so iets bestaan, is ek 70 jaar gelede onder 'n swerfster gebore. In 'n land wat nou vreemd lyk, lang afstande 'n gegewe en ooptes jou beste vriend is, lê Mariental in Namibië lankal agter my.

In 2006 het ek en Soldaat 027 (vir sy eie veiligheid onthul ek liever nie sy naam nie) Afrika se hoogste spits aangedurf én oorwin. Kilimandjaro. Ek en Soldaat 027, 'n ooggetuie van die Britse menseslagting in 1972 in Noord-Ierland (bekend as Bloody Sunday toe 14 burgerlikes afgemaai is), het mekaar in 'n kroeg raakgeloop. Ek het onmiddellik van hom gehou. “Do you like adventure?” het ek hom gevra. Ses weke later het ons op Uhuru-piek gestaan.

Ek woon aan die suidpunt van Afrika. Afrika se suidelikste seereddingstasie is stasie 30 op Struisbaai. En toe dra ek die Nasionale Seereddingsinstituut (NSRI) se vlag van die een uiterste na die volgende uiterste – van waar Afrika begin tot by sy hoogste bergpiek.

Jy klim vier dae lank. Op dag drie het die sneeu ons teen die berghang vasgekeer. In ons tentjie is daar nie plek vir geheime nie. Soldaat 027 pak uit oor wat die Engelse daardie dag aan die Noord-Iere gedoen het.

Toe die sneeustorm bedaar, klim ons verder. Die Hollander in my groep se neus begin op 4 000 meter bloei. Dis koud hier. Die klimmers haal hortend asem. Elke tree is 'n nuwe uitdaging.

Teen agtuur die laaste aand is jy in die bed, want om middernag moet jy begin klim. Dis 'n skof van vier uur tot bo – ás jy dit maak tot op die dak van Afrika waar die krater in al haar heerlijkheid ontvou. Dan onthou jy: Elke jaar sterf gemiddeld 20 mense op hierdie berg. Maar dit vertel die media jou nie.

Sien, ek voel nog altyd aangetrokke tot uiterstes. Dit is seker hoekom ek al uitvliegtuie gesprong en tot in die dieptes van die see geduik het. En die hoogste reksprong ter wêreld van die vreesaanjaende Bloukrans-

brug aangedurf het.

Ek het Soldaat 027 al hoe beter leer ken. Ja, Soldaat 027, soos die Britse media hom genoem het. Ons het saam in die Breërivier afgevaar. Op eilande geslaap net waar ons gekom het. Op fietse deur die Baviaanskloof gery. Voor dit was dit die Inka – die mistieke voetslaanroete tussen Kilometer 42 buite Cuzco in Peru en die fabelagtige verlore stad van die Inkas, Machu Picchu. Met 'n seiljag oor die Atlantiese Oseaan van Walvisbaai tot by Recife in Brasilië geseil. Toe drie maande in die Amasone deurgebring, op die dorpie Parintins. Nog maande lank op 'n boot in Skiathos, Griekeland, gebly.

Die Kaap wat my nie wou los

Tog was daar altyd die ontwykende Kaap Hoorn. Dié legendariese Kaap Hoorn waaroor ek boeke verslind het. Die Kaap wat my net nie wou uitlos nie. Die ikoniese suidpunt van Suid-Amerika waaróm jy moes kom as jy van oos na wes by die Suidsee-eilande in die Stille Oseaan wou kom. Die speseryroete.

'n Sekere kaptein Bligh van *Bounty*-faam was op pad na Tahiti op sy gedoemde broodboom-ekspedisie. Die kortste pad van Engeland was om die gevreesde Horing, van oos na wes. Ná 31 dae se uitmergelende teenwinde moes hy tou oopgooi en om die Kaap die Goeie Hoop vaar om sy doel te bereik.

Nou is dit November 2023, en ek is op pad soontoe. Na my lewensideaal. Onherroeplik word jou lotsbestemming jou lewensreis. As jy 'n dromer is, boonop effens dwars en met vyf weerbarstige kroontjies op jou kop geboore, is hierdie lotsbestemming vooraf bepaal.

As jy gelukkig is, lei die sterre jou na die einde van die aarde.



Die skrywer by die Pia-gletser in Tierra del Fuego, oftewel 'Vuurland', soos dit in 1520 deur Ferdinand Magellaan genoem is toe hy die seestraat tussen die Atlantiese en Stille Oseaan ontdek het.

Ek en Tisha – toe mejuffrou Moir – het Suid-Amerika in 1987 oorland oorkruis, van Lima, Peru, aan die Stille Oseaan tot Rio de Janeiro, Brasilië, aan die Atlantiese Oseaan.

Maar daar was een vermiste stukkie van hierdie legkaart: die verre suide.

Op 25 Oktober 2023 neem my vlug my van Kaapstad na Istanbul, dan na Buenos Aires via Sao Paulo. Toe na Santiago en daarna Punta Arenas, aan die Straat van Magellaan, wat in 1520 deur Ferdinand Magellaan, die Portugees in diens van die Spaanse kroon, ontdek is. Tierra del Fuego (“Vuurland”, soos Magellaan die landmassa voor hom genoem het) lê suid van die Straat.

“Vuurland” het homself volgens een teorie eeue gelede in die Ystydperk losgeskeur van die Suid-Amerikaanse vasteland en 'n eiland geword wat deur die Straat van die vasteland geskei word. Dit is halftwaalf in die voornag toe ek op Punta Arenas van Santiago af land. Die koue slaan jou asem weg... maar jy moet nog verder suid.

Die Spaans wat ek 35 jaar gelede in die strate van Suid-Amerika geleer het, kom so stuk-stuk terug. “Por favor señor, dónde puedo encontrar el puerto para ubicar el barco de expedición Stella Australis?” verneem ek ietwat huiwerig waar die hawe is. Die opvarendes gaan aan boord. Heelwat Amerikaners. Hulle plaas my tussen vier Franssprekendes, twee van Quebec en twee van Tahiti, 'n oorsese “departement” van Frankryk.



Hart tot Hart

DS. KOBUS VAN DER WESTHUYZEN

Die waarheid omtrent die Waarheid

In 'n vorige rubriek het ons die vraag probeer beantwoord: Wat beteken dit om in die waarheid te leef? Om reg te leef, moet 'n mens minstens drie dinge in berekening bring, naamlik reg dink, reg besluit en reg doen. Só kan jy die heiligheid van die waarheid beskerm.

Dit is by hierdie punt waar ons verder moet gesels oor: Wat is die waarheid omtrent die waarheid? Veronderstel hierdie vraag die moontlikheid dat daar ook leuens oor die waarheid kan wees? Ja, inderdaad is dit so. Die wêreldgeskiedenis is deurspek met leuens op leuens op leuens. Verbaas dit ons dan nog dat dinge só aaklig skeef geloop het?

Ons het reeds daarop gewys dat God self die volledige en suiwere openbaring van die waarheid is – trouens, Hy is immers die Waarheid – en dit is presies waar ons vir God ontmoet.

Jou keuse tussen reg of verkeerd is ten diepste 'n keuse vir of teen God. Dit is in dié verband dat Paulus aan die Efesiërs skryf: "Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is" (Ef. 5:10).

As jy dus 'n regmerkie van God wil kry, is dit – en niks minder as dit nie – die meet-instrument wat jy moet gebruik: Wat dink God hiervan? Dit is die waarheid omtrent die waarheid.

Toets jou siening aan die volgende voorbeeld: Jy mislei 'n voornemende moordenaar deur vals inligting aan hom te gee en só 'n moontlike moord te verhoed. Was jy 'n leuenaar of het jy God gehoorsaam? En as jy God gehoorsaam het, het jy dan die waarheid verkrag? Gewis nie.

Om in die waarheid te leef, beteken dat jy gelei word deur die Gees van God om te doen wat God sou gedoen het as Hy in jou plek was. **LBW**

Die eensaamste vuurtoring ter wêreld by Kaap Hoorn op Los Hornos-eiland, wat aan Chili behoort.

Dit is snerpend koud en yswêreld hierdie.

Om sesuur die aand van 31 Oktober vertrek ons. Dit is waarvoor ek lewe. Ons roete neem ons deur die Straat van Magellaan, tot in die Stille Oseaan. Die oseaan is alles behalwe "stil". In 'n sesmeter-deining word die skip rondgeslaan soos 'n veer in die wind. Ná sowat drie uur in die "Stille" Oseaan swenk ons oos, na die Beagle-kanaal, vaar in die Laan van Gletsers af en besigtig onderweg die majestueuse Pia-gletsjer. Immer verder suid.

Kaap Hoorn is in Januarie 1616 deur twee Hollandse seevaarders, Jacob le Maire en Willem Schouten, op die *Eendracht* ontdek. Hulle het die stormagtige suidelikste punt van Suid-Amerika genoem na die stad Hoorn in die noorde van Nederland. (Hul ander skip, die *Hoorn*, ook genoem na die stad in die noorde van Nederland, is op dieselfde ekspedisie deur 'n brand aan boord verwoes.)

Kaap Hoorn is op 'n eiland wat aan Chili behoort, en in Spaans bekend is as Los Hornos. Hierdie Kaap Hoorn lê eintlik op 'n windverwaaide rots in die gevaarlikste see op aarde. Vir eeue was die Drake-seestraat, oftewel die Drake Passage, die enigste erkende seeroete tussen Antarktika en die onderpunt van Suid-Amerika. Antarktika lê beswaarlik 500 seemyl van Kaap Hoorn.

Ek besluit ek seil verder na Polenesië "om my siel te red". Die formidabele vaarders van weleer – en die huidige geslag – weet: jy kráák om om Kaap Hoorn te kom.

Meer suid as Kaap Agulhas

Kaap Hoorn se ligging word amptelik aangegee as 55 grade 56 minute suid en 67 grade 17 minute westerlengte. Dit maak hom meer as 20 grade verder suid as ons eie Kaap Agul-



Die ekspedisievaartuig Stella Australis. Die skrywer het by Punta Arenas in Chili, aan die Seestraat van Magellaan, aan boord gegaan.

has op 34 grade 49 minute suid. Jy voel dit aan jou lyf. Ons gooi anker in die inham van Leon. Klou aan die rubberboot om lewe en dood, want as jy in hierdie ysige water beland, het jy hoogstens 10 minute om te leef. Aan land dreig 'n stormwind van 60 knope (sowat 111 km/h) om jou van jou voete af te waai. Nou weet 'n mens hoekom hierdie ikoniese punt op die aardbol al 800 skepe en 10 000 lewens geëis het.

As jy gelukkig is, val die kaarte reg vir jou. Ek staan op die skouers van reuse.

Bitter min mense op hierdie planeet kon al sy voetspore laat waar die aarde begin. Op 3 November 2023 het ek 70 geword. Ek dink soms Lee Marvin sing sy trefferlied vir my: "I was born/Under a wandering star..."

Die sterre se strale kruis waar hulle moet kruis vir my. **LBW**

Pierre Massyn is 'n skrywer en seiljagskipper wat die Atlantiese Oseaan in 'n 36 voet-seiljag oorgesteek het.